J C E M
P O BOX 11550
AERORAND
1070
TEL (013) 2441325
CELL 082 8222 006

J C E M
POSBUS 11550
AERORAND
1070
TEL (013) 2441325
SEL 082 8222 006

JESUS CARES
Evangelistic Ministry
Bible School

Afrikaans

Voorskool Bybel Kursus – Jesus se geboorte

Les 13

Eendag toe kom daar 'n engel by Maria en sê vir haar,"God gaan 'n baie spesiale Persoon na die aarde toe stuur. 'n Groot Koning. Sy naam gaan Jesus wees. En raai wat, God wil hê dat jy Sy ma moet wees!" Maria was 'n maagd gewees. Sy het nog nooit by 'n man geslaap nie. Die engel sê toe vir Josef dat hy met Maria moet trou en 'n pa vir Jesus moet wees. Hulle moet God se Seun grootmaak asof dit hulle eie seun is. Josef en Maria moes teruggaan na die land waar hulle gebore was, want daar moes sensus gehou word. Die volk moes getel word. Dit was 'n lang reis na Betlehem toe. Dit was ook amper tyd vir die baba om gebore te word. Toe hulle in Betlehem kom kon hulle nêrens blyplek kry nie. Al die blyplekke in Betlehem was vol. Die eienaar van 'n herberg sien toe dat Maria swanger is en sê hulle kan in die stal bly, daar is dit darem veilig. So is Jesus dan die nag in die stal gebore. Hulle het Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê. Die engel het toe aan skaapwagters in die veld verskyn en aan hulle die goeie nuus gebring. Die skaapwagters het toe na Betlehem gegaan om die nuwe baba Jesus te sien.Daar het ook 'n spesiale ster geskyn die nag. Toe koning Herodus hoor van die baba wat gebore is en die mense sê Hy is die nuwe koning van die Jode, wou hy weet waar is die kind. Hy het reeds besluit om die kind dood te maak. Hy sou nie toelaat dat enigeen in sy plek koning word nie. Die wyse manne het gou die koning se plan agtergekom. God het hulle in 'n droom gewaarsku. Hulle het toe die spesiale ster gevolg en toe na Betlehem gegaan om vir Jesus persente te bring Hulle het toe met 'n ander pad huis toe gegaan.

So is Jesus, ons ewige Koning gebore.

Moontlike eksamen vrae.

1.Wie moes Jesus se ma wees?
2.Waarheen moes Maria en Josef gaan ?
3.Waar moes hulle bly toe Jesus gebore is?
4.Hoe het die wyse manne geweet waar Jesus was?